BIBLIOTEEK

# Die WAPAD


## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** R. G. Kriel. **Tegniese Adviseur:** P. J. W. Louw.
**Hulp-Adviseur:** P. H. S. Pieterse.
**Subredakteure:** L. Dekker, L. S. Kruger, M Venter, Mejj. H. Hofmeyr en H. Yssel.
**Administrasie:** J. P. H. Viljoen (voors.), G. J. Wissing, L. J. Nelson, B. J. Kruger.

Deel IV. No. 9. 2 SEPTEMBER, 1949. 3/- per jaar.


# ONS BIBLIOTEEK

**Dis jammer dat juis 'n ramp soos dié wat die P.U.K. getref het, die Biblioteek die middelpunt van belangstelling aan die Inrigting moes maak. Hoewel die biblioteek in die verlede tot 'n sekere mate die stiefkind was, moet tog daarop gewys word dat die boekeversameling wat ons gehad het, met min geld dog met groot sorg deur die vakdeskundiges opgebou is.**

Hoewel dit klein was, was dit 'n puik versameling wat op 23 Februarie deur die brand vernietig is. Verskeie bibliotekarisse van universiteite met groot biblioteke het in hulle simpatiebetuigings o.m. hulle leedwese uitgespreek oor die verlies van skaars boeke, wat in geen ander biblioteek in die land te kry is nie en wat hulle dikwels van ons geleen het.

Dis egter nie net die brand wat, soos dit onlangs deur die Voorsitter van die Biblioteekkomitee uitgedruk is, „die P.U.K. tot ongetwyfeld die mees biblioteek-bewuste universitêre inrigting in ons land" gemaak het nie. Bewys hiervan is die aanvaarding deur die P.U.K.-outoriteite van die skema van die Carnegie-Korporasie wat dit moontlik gemaak het om 'n opgeleide en voltydse bibliotekaris aan die hoof van die biblioteek te stel met die bykomende finansiële omstandighede in Augustus 1948 die benodigde bedra beskikbaar gestel het vir uitrusting en personeel vir die algehele reorganisasie van ons biblioteek—'n onderneming wat van 3 tot 5 jaar sou geneem het.

Hierdie reorganisasie, wat bedoel was om vir ons studente en dosente 'n modern ingerigte biblioteek daar te stel—'n werklik onontbeerlike vereiste vir studie en navorsing aan enige universitêre inrigting wat iets meer wil bied as aantekeningspapegaaiwerk—is ru onderbreek deur die brand. Die chaos wat daarna geheers het, hoef nie hier beskryf te word nie; u het dit self meegemaak. Ons moes sonder uitrusting met 'n skamele 5000 boeke, waarvan baie erg beskadig, heeltemal van voor af begin.

Danksy die besonder mooi steun in die vorm van geldelike bydraes en boekgeskenke uit alle dele van ons land en ook vanuit Nederland, Engeland en die Verenigde State van Amerika, het ons boeketal reeds bemoedigend gestyg en is ons vinnig besig om ons biblioteek weer met die essensiële items uit te rus. **In die verband is 'n besondere woord van dank en waardering jeens die A.S.B. en die N.U.S.A.S. vir hulle vrywillige en waardevolle hulp seker nie onvanpas nie.**

Die vlamme wat 'n hele aantal boeke beskadig dog wel herstelbaar vir ons laat oorbly het, het die instelling van 'n interessante nuwe afdeling in ons biblioteek verhaas, nl. ons eie bindery. Die P.U.K. is die tweede universitêre inrigting in ons land wat hierdie stou-

(Vervolg op bladsy 9, kol. 2).

## *Die Besembos*

**Aangesien „Die Besembos" nie kan verskyn tensy elke P.U.Kaner 3/- daarvoor betaal nie, word u dringend versoek om in te teken by die betrokke persone voor 8 September. By intekening moet asb. nie minder as 1/- betaal word nie. Redaksie en Administrasie offer baie tyd en krag op om 'n goeie blad uit te gee—ons hoop u sal ook u deel doen en onmiddelik inteken. Ons moet minstens 350 intekenare hê, d.w.s. elke P.U.-Kaner!**

**Ons Huis: Mnr. A. J. Swanepoel.**
**Postma Huis: Mnr. G. J. Wissing.**
**Heimat: Mnr. Patrys Esterhuizen.**
**Uitspan: Mnr. P. J. de Wet.**
**De Klerk Huis: Mej. L. Geertsema.**
**Piet Grobler Huis: Mej. H. Hofmeyr.**
**Dorp: Mnr. Chris. Malan, Malherbestraat 20.**
**Mnr. I. J. Steyger, Noordbrugweg.**

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

Ons strewe is Diens aan die Publiek.
Service to the Public is the inspiration of our efforts!
Always first with the Latest Shoe Creation.
Altyd eerste met die nuutste skeppings in Skoene.
**Largest Distributors of High Grade Footwear in South Africa.**
**Grootste Distribueerders van Stewels en Skoene in Suid-Afrika.**

W. M. CUTHBERT

Posbus—296—P.O. Box
Foon—137—Phone
POTCHEFSTROOM.

Skoeisel-Spesialiteite
Footwear Specialists

W. J. SPAVINS EN SEUN

VIR ALLE

Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65,
POTCHEFSTROOM.

# *Die Wapad.*

2 September 1949.

## IS ONS STUDENTEGEES LOJAAL TEENOOR DIE P.U.K.?

Ons op P.U.K. roem tereg dat ons die enigste universitêre inrigting is waar bykans alle studente mekaar ken. En dit skep 'n spontane studentegees, voorwaar 'n unieke een.

Maar daar is twee sake waar alles nie van die beste is nie.

Slegs drie jaar gelede nog was dit 'n algemene verskynsel dat studente in groepe saans vir wandelings gaan en die hemelruim vul met studentesang. Toe was P.U.K. nog bekend as die universiteit waar die meeste gesing word. Elke aand het die balkonliedjies ver in die aandlug gesweef. Singende studente is waarlik **studente**. In die sang word 'n gesonde studentegees geopenbaar.

Maar tans is dit die geval dat ons studente nie meer wil sing nie. Die rede: Ons vorm nie meer een groot eenheid nie, maar ons studentegeledere is opgebreek in 'n klompie „klieks." Verder oorheers die spykergees. Met die sangoefeninge voor intervarsities was dit 'n algmene verskynsel dat senior studente skelm-skelm wegsluip—om te gaan spyker! Sing kan hulle nie meer nie, maar wel 'n bars hou spyker! Voorwaar 'n swak studentegees wat hulle openbaar.

En naas hierdie spykergees kry ons die fliekgees.

Stel u voor: net 20 Pukke op 'n pawiljoen terwyl hulle eerste rugbyspan speel! Die res—fliek-toe! Of belangeloos—slap van gees. Maar dieselfde oggend het ons hulle in groot getalle langs die hokkiebane aangetref toe die inter-normaal hokkietoernooi plaasgevind het. Teenoor P.U.K. egter het hulle geen belangstelling nie.

Ons erken geredelik dat ons nie 'n wafferse eerstespan vanjaar het nie, maar as ons die paar Pukkies waarvan 'n groot gros spoedig weer verkas het—op die pawiljoen gesien het teenoor die massa Normaliete, dan kan ons net sê: Skande Pukke!

**Die spelers moet geïnspireer word deur hul makkers langs die kant, maar as hulle (die toeskouers) so 'n slap houding inneem, kan ons verwag om die hoogste rugby louere in te oes?**

Om student te wees beteken om uiting te gee aan jou gees: sing en wees vrolik; ja, laat Potchefstroom weer soos drie jaar gelede aan die studente met hul sang behoort. En verder, as jy nie self aan sport kan deelneem nie, gee dan jou lojaliteit en ondersteun jou span in plaas van in 'n fliek te lê of jouself probeer behaag op die B-veld. Ons moet ons self rehabiliteer en dit moet elke Pukke individueel doen—terwille van onsself en terwille van die eer van ons Alma Mater.

**Studente! U sal hierdie „Wapad" 'n mislukking noem. Tereg ook. U moet dit skryf, en dan doen u dit nie. Daar het slegs vier duim stof op individuele inisiatief ingekom. Die res is met gelek en gesoebat verkry. Dit verskyn laat omdat daar anders leë bladsye in sou moes verskyn het. As u nie eersdaags drie bladsye advertensies en een bladsy stof wil sien nie, moet u die hand uit die mou steek. As die gehalte van die inhoud die studentegees moet weerspieël, is die toestand bedenklik. Besef asseblief die erns van die saak en lewer elkeen u bydrae, hoe beskeie dié ookal mag wees. Laat die B.Sc.-student iets oor populêre wetenskap skryf, die ekonomiestudent oor die potensiële bemarkingswaarde van die uie en kool in P.U.K. se tuin, die regstudent oor die wettigheid al dan nie van die reëls i.v.m. die dameslosieshuis. Die moontlikhede is groot.**

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

Geagte Redakteur,

'n Mens wonder deesdae waar die middelweg tussen die uiterstes van **sosiale welvoeglikheid en oortreding** op die P.U.K. en meer bepaaldelik: **die koshuise,** langs kronkel. Oral stuit 'n mens **op reëls**—gemotiveerd of onge motiveerd.

Omdat 'n mens vir jou voorbereiding tot een of ander loopbaan noodwendig jou teësinnig moet onderwerp, en dikwels die protes ook maar moet opkrop, uit vrees vir brandmerking—word die reëls en reëls maar aanvaar.

Die vraag is egter of die tyd nie haas ryp geword het om te protesteer teen die **gemeganiseerde en reëloorlaaide sosiale kode** waaraan veral ons koshuisstudente ons moet onderwerp—om die kontradiktoriese elemente nog buite rekening te laat.

Die P.U.K. het sy bepaalde lewensbeskouing wat bepaald die verantwoordelike studente instansies na aan die hart lê. Dit het hulle optrede in die verlede onomwonde bewys. Hulle optrede was nog geensins dié van die Fariseër Talmoed nie—duisend-en-een reël wat met jota en titel, sekond en minuut, gehoorsaam moet word nie, dog 'n waking oor die gees van die inrigting in die lig van sy doel en strewe.

Wanneer ons studente vandag egter van tyd tot tyd deur 'n nuwe reël, verbod en gebod ontmoet word, van ander instansies as die studente, dwing die vraag na vore: wat is vandag presies die **status en verantwoordelikheid van 'n Universiteitsstudent?** Is ons

(Vervolg bls. 5, kol. 1).

Geagte Redakteur,

**Na aanleiding van 'n onlangse debatsvergadering** wil ek 'n paar bedenkinge opper oor die gees waarin dit plaasgevind het.

Die sprekers moes hard veg teen die gehoor, want laasgenoemdes het hulleself verlustig in allerlei beuselagtighede, soos in gesonde studenteskerts (van dié soort wat „Die Wapad" maar nie by studente kan kry nie) of in awontuurlustige ondersoekingstogte agter houtafskortings. Die dame wat moes voordra, was 'n voorwerp van gefluit. Verskeie persone het die saal verlaat onder dekmantels van bebloede sakdoeke.

**Die algemene bespreking het gedreig om persoonlik te word. En so kan ek voortgaan. Ons moet darem nog die hoogtepunt, die sing van „Die Hoogland" eervol vermeld.**

As medeskuldige kan ek u, geagte leser, namens ons almal verseker dat ons dit baie geniet het. Maar ek voel tog dat ons te veel die indruk skep dat ons op die P.U.K.-manier na 'n dirigent soek, wanneer ons intelligent moet luister, die argumente krities moet waardeer en ons beskeie opinies oor die gelewerde toesprake moet vorm. Ek dink dat ons nie die waardigheid wat 'n debat moet kenmerk, soos pêrels voor . . . e . . . ons voet moet vertrap nie. **Mens behou 'n baie onvoldane indruk van ons studentegees na 'n dergelike openbaring daarvan. Laat ons in die vervolg daaraan dink.**

Dankie.

Die uwe

**L. DEKKER.**


*LEES*—

**Die Westelike Stem**

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

—:o:—

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.



**INGRAM SE BOTTELSTOOR**


INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.



**DIE NUWE VELOCETTE 149 c.c.**

Twee-silinder, Waterkoeling, met aandryf-as

£147/10/0

**HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**
teenoor die Geref. Kerk,
**POTCHEFSTROOM.**



*Studente!*

As u gaan Fliek, of in die dorp kom

BESOEK

**ASTRA MILK BAR**

**(LANGS DIE GRAND).**

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

**LUCILLE**
DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

**M. B. BLOCH**
**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE
en
STOOFPARTE

VRA VIR DIE
Beroemde
*"Bennie Osler"*
RUGBY STEWELS
**„GRAND CHALLENGE",**
**"INTERNATIONAL"**
**EN "JUNIOR"**
vanaf 32/6
* * *
**DE BRUYN SE SKOENWINKELS**
**(EDMS.) BPK.**
**POTCHEFSTROOM.**

# Oordenking.

## GETROOS.

**„WANT DIE HERE HET SY VOLK GETROOS."—Jes. 52: 9.**

Israel, wat in die ellende van die ballingskap verkeer het, moes hierdie woorde van die profeet verneem. Sondr geld sou hulle verlos word uit die vreemde land—deur 'n loutere magsdaad van God! Temidde van die ellende word dit as 'n voldonge feit gestel, so seker sal dit gebeur!

Die Here het sy volk getroos, lui die profetiese boodskap. En waar die troosryke boodskap in die ware geloof ontvang is, daar was die siel stil en het ryklik die aangebode weldade van God geniet. En hy wie waarlik geglo het, kon hier temidde van die ellende uitjubel: Ek is 'n verloste! In God is my troos!

God het sy volk besoek. Hy het hul teruggelei na Jerusalem. Hy het hul beskerm, bewaar en getroos. Majesteitlik is God in al sy werke!

Ook ons het deel aan hierdie troos waarvan Jesaja spreek. In Christus is ons weggevoer uit die ballingskap van die sonde na die nuwe Jerusalem—nou in beginsel, maar eendag volkome!

Tog beleef ons nog gedurige sielestryd teen die magte van die sonde.

Is dit dan werklik waar dat ons getroos kan wees terwyl ons nog in die ballingskap verkeer?

Skaduwees van dood en rampe verdonker ons bestaan.

Daar is so ontsaglik veel swart in ons bestaan.

Die vermoeide, gepynigde siel, die gekrenkte hart hunker na uitkoms, na lig.

Maar waar soek ons soms na troos? 'n Verkeerde soeke na troos vir die siel, is die verklaring van die gejaag in die lewe: Die een streef daarna om 'n ideaal te bereik wat maar altyd buite sy bereik bly; die ander weer soek om sy smart te vergeet in 'n blinde jagtog na plesier en genot, na tydelike voordeel.

Solank as ons streef na wêreldse ideale, na rykdom, eer of voorspoed, na genot of plesier, sal ons immer ongetroosdes bly. En dan wel ongetroosdes in lewe en in strewe. Ons lewe sal dan altyd 'n wandeling in die duisternis wees.

Maar die lig van vertroosting waarna ons moet soek is die lig wat uitgaan Christus. In die lig vvan Christus se lyde moet ons alles sien. Alleen dan sal ons verstaan hoe deur die sonde in 'n weg van leed en lyde die wêreldgeskiedenis —en dus ook ons persoonlike lewe—na die voleinding heengaan. Maar ons moet ook vashou in die geloof dat die voleinding volkome uitkoms, ewige geluk, ewige ryke heerlikheid en saligheid inhou vir almal wat die verskyning van Jesus Christus lief het.

In die Woord van God is die vastigheid van ons siel, tenspyte van alle vertwyfeling.

Dis juis die siel wat bewus is van die omknelling, wat na verlossing smag. God self skenk aan so een die heerlike troos in die Verlosser en Hy wek in diegene se harte die verlange na Hom deur die Heilige Gees.

God Self skenk so lig in die duisternis van die lewe.

Wie hierdie lig ontvang in al sy ellende van hierdie sware lewensgang, hy is getroos!

Hy sien op die kruis van Golgota met 'n ontroerde siel. Hy glo die opstanding van Christus met sy hele hart en bely: ook ek persoonlik het deel aan Hom!

Ondanks al die vertwyfelinge geniet hy in die hede al die rykdom van die genade omdat hy in Jesus Christus glo.

Alleen aan sulkes kom die woorde: die Here het Sy volk getroos. Hulle is getroos tenspyte van die tydelike ellende, die ballingskap in 'n sondige wêreld, want die uitkoms is verseker.

Ons lewe moet vir ons Christus wees . . .

L. S. KRUGER.

### GEWETENLOOS OOR DIE P.U.K.?

**Gedurende die afgedope tyd het die verskeie here onder die S.R. se aandag gekom dat daar P.U.K. studente is wat hulle nie steur aan die P.U.K. beginsels nie en wel omdat hulle kleurbaadjies op Sondae dra.**

**Ons voel dat genoemde studente gewetenloos teenoor die P.U.K. handel. Ons betreur dan die houding want dit is niks anders as verkragting van ons beginsels nie.**

**Reeds het die S.R. 'n persoon onder hande gehad en die waarskuwing word dus aan alle Pukke gerig: U kleure sal u beslis ontneem word.**

**Indien u 'n ander persoon sien wat P.U.K. kleurbaadjies op Sondae dra, terwille van hulle lojaliteit teenoor hulle Alma Mater, hoort die gewetenlose oortreders by die S.R. aangemeld te word.**

studente nog bekwaam om verantwoordelikheid te aanvaar vir sosiale gedrag, as dit anders as op die individueel-voorgetekende patroon geskied?

Dan bedoel ons dit in hierdie besondere geval nog meer bepaaldelik op ons damesstudente. Is hulle sosiale peil vandag op so 'n gevaarpunt dat hulle **absoluut** verbied moet word op die universiteitsdeurgange met mansstudente 'n weinig te gesels of skerts? Of nog erger: is ons universitêre sosiale kode hier so verrot dat **dames**-**verteenwoordigers** van studenteliggame **belet** moet word om **„in die dag of in die aand"** vergaderinge in die sitkamer van die manskoshuis by te woon? Os daar dan misstappe is, wat so erg en algemeen is wat 'n gebod regverdig—**as daar is,** is dit so erg dat al verduideliking is, dat mans nie dames tot hierdie oortredinge moet lei nie terwille van hulle (dames) posisie by die owerhede? Sal 'n beter motivering sosiale welvoeglikheid oorskrei?

**'n Mens** kan voortgaan met sulke vrae. Maar die belangrikste vraag bly: Verdien **dan veral** ons damesstudente, en **veranatwoordelike** damesstudente, hierdie blaam—hierdie reëls, soos 'n mens by hoërskoolkinders verwag?

Is daar op P.U.K. nog iets soos die kweking van verantwoordelik**heidssin en welvoeglikheid by studente** vir die lewe, deur middelle wat vroeëre studente hier so gelukkig wasa om te geniet? Of: Is die algemene protes in die mond van ons studente „die P.U.K. word 'n **‚glorified High School'**" geregverig?

Laat ons die vrae beantwoord terwille dan van ons dames in die eerste plek. Oor die algemeen en op die P.U.K. in die besonder, was hulle gedrag nog altyd ver bo verdenking!

Met hoogagting,

TELEURGESTELD.

* * *

Geagte Redakteur,

Nou die dag se debat het my teleurgestel. Dit was meer 'n sirkus as 'n

(Vervolg op bladsy 9, kol. 2).

*Wanneer u*

OU VRIENDE(INNE) WIL ONTMOET,
LANG PRETTE WIL MAAK,
LEKKER WIL ONTSPAN,
EN TERSELFDERTYD LEKKER WIL EET,

*Kom na*

**CACHET VERVERSINGSKAMER**

Tee, Koffie, Koeldranke, Eetware, Sigarette, ens., alle tye van die dag verkrygbaar.

Eienaar: H. J. Kruger.

**P. H. JOB**
**King Edwardstraat 51,**
(oorkant Queen's Hotel)
**POTCHEFSTROOM.**
**Foon 1031.**

* * *

Agent ELECTION horlosies
**Büren, Lanco, Ernest Borel, Renee etc.**
VIR EERSTEKLAS REPARASIES EN GRAVEERWERK.

**BLACK'S**
DAMES EN MANS
UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**
**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**MODERN FURNITURE MART**
**KERKSTRAAT 128,**
VIR AL U MEUBELS.
**„DE WALD RADIOS"** in voorraad sowel as Slaapkamer, Draagbare en Tafelradiogramme.
REDELIKE PRYSE.
Maklike terme kan gereël word.

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.
ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

# JOGGOM GESELS VOE'BALL.

**Weereens wil ons so 'n slaggie rugby gesels. Saterdag die 3de September is die derde toetswedstryd tussen Nu Zeeland n Suid-Afrika. Die All Blackstoer is so te sê agter die rug. Die P.U.K. se voe'ball is ook haas verby vir 1949.** Die redaksie en administrasie van die Wapad gaan ook die einde van hulle werksaamhede tegemoet.

Die Gaipe berei hulle voor vir ontsettende aktiwiteite op die voe'ballvelde na afloop van die voe-ball—**sy—soen.** Aan **Wynkies** sal dit glad nie ontbreek nie. (Ou Bul het dit met sy eie oge gesien).

Die kranige Tekkie-kaptein het vir hom 'n Ford met 'n babie gekoop maar vanweë beperkte ruimte en gebrek aan stootkrag moes die Fordjie heengaan. Die jaar 1949 was voorwaar vir rugbyspelers baie aangenaam. Nieteenstaande baie beserings (verlies vir klubfinansies) het ons redelik goed gevaar. Daar is nog 'n paar wedstryde voor en die hoop is goed om die Lourierkrans weg te dra. Die Theos. staan 4de op die puntelys. Die Navy het minder goedgevaar, die Tekkies nog minder goed maar die IIIA loop voor in die liga en kan die beker vang. Die kwartaal het Theos tot dusver 4 wedstryde gespeel, 2 verloor en 2 gewen. Veral het ons gemis Fires, Platbos, Bul, Ammie en Oom Jaap en moes ons gebruik maak van 2de en Onder-19 manne.

Die akkerbome begin bot. So rugbyspeler of voe'ball-spelers nou blok en sterkte vir die toetswedstryde. Dankie vir die aangename gees en goeie ondersteuning.

# KOSTELIKE BOIKOT-BEWEGING.

**„Bellum omnium contra omnes".**

Vanweë die V.V.O.-familie-besluit van die jongste eeu (bietjie donker) is deur die Wes-Transvaalse Rugby Unie 'n wedstryd gereël tussen Garrison I en P.U.K. I op 10 Augustus 1949 om die grootste wedstryd, wat skitter aan die hokkie-hemel nl. die „Dames Interhuis"-wedstryd (**ex nihilo nihil est**) te boikot.

Die hoogaangeskrewe en agbare outoriteite van genoemde hokkie-bestuur word hiermee gefilisiteer en geëer deur Geffin—(uit die geslag Benjamin( vir baanbrekerswerk in hierdie netelige saak van boikot gedaan.


(Vervolg op volgende kolom).

Na afloop van die byna internasionale botsing, het die Israeliet sy beskeie opinie gelug deur te beweer, dat die stokke nog baie doele kan slaan.

As 'n mens sy eie vyand is geskied dit omdat hy teveel sy eie vriend is.

*„OORVERTEL DEUR SPRINGBOK" Nr. 7*

**Hulle het Tafelberg met 'n Motor Bestyg!**



**In 1930 het drie jong Suid-Afrikaners besluit om 'n toertjie uit te haal wat niks anders as groot opskrifte sou verkry nie. . .**

**Hulle het op 'n oggend om tienuur van Constantianek se kant af die bestyging van Tafelberg aangepak—met 'n Baby Austin!**

**Sewe uur lank het hierdie drie jong manne en hul klein motortjie vir hulle 'n weg gebaan tussen rotsblokke deur en oor struikgewasse heen. Toe hulle eindelik die top bereik en afkyk op Tafelbaai, 3,549 voet onderkant hulle, het hulle hul „scoop" gehad—en 'n rekord opgestel wat tot vandag toe nog onaangetas staan!**




10 - 20 - 50
*Met of sonder kurk.*

**SPRINGBOK**

*Die Sportman se Sigaret.*

U/S 361

# SPRINGBOKSPAN VIR 5[E] OF 6[E] TOETS

**Die anale vordering is reeds ver genoeg vir die bekendstelling van die Springbokspan vir die 5de of 6de toets.**

Na 'n langdurige sitting het die keurders spoedig verdaag, met eenparigheid, tenspyte van die paar groot meningsverskille wat hulle nie kon versoen nie.

Hiermee wens die Sekretaris dan ook verskoning aan te bied vir die vertraging insake die bekendstelling van die span, omrede die voorsitter van die Datumkomitee eers geraadpleeg moes word.

Die span is met die nodige moontlikhede van elke speler asvolg:

**Heelagter:** Petrus Cornelius Rule (Teol. Skool).

**Vleuels:** Ryno Kriel (Boys' High) en A. Smith (Ons Huis).

**Senters:** Donkie Pienaar (Nuwe Huis) en Gert Wissing (S'Vleuel).

**Skakels:** C. Lessing (S'Vleuel en L. Dekker (Tomstraat).

**Voorstes:** J. v.d. Walt (Ons Huis), M. v.d. Walt (S'Vleuel), Nassie v.d. Walt (Heimat), B. Duvenage (S'Vleuel, R. du Plessis (Kerkstraat), B. Spoelstra (Ons Huis), M. de Klerk en A. Spies (albei Dwarsstraat).

**Laat ons die manne bietjie bespreek.**

Rule, die kranige heelagter, met sy perfekte posisionele spel, sy lang buite skoppe en sy skoonvang as die nood dit vereis, regverdig sy keuse geheel-en-al.

Wat die twee vleuels betref het die keurders hulle daarop toegespits om twee kort, maar vinnige naellopers te kry. Hul opponente sal beslis swak moet wees as die twee manne drieë gaan druk. Op verdediging kan ons sê is Kriel die staatmaker terwyl Smit se krag in sy afstamp en naelope lê.

Die res van die agterlyn is oulik. Ons dink hier aan die geweldige systap van Wissing en die gevaarlike „dummy" van Pienaar. Lessing kan egter bietjie meer om die skrum breek, terwyl Dekker meer sy vingers moet nat lek om die aanslane te vermy. Hy kan selfs meer gebruik maak van sy senters. Hy is egter die persoon wat die drieë gaan druk.

Die keurders het beslis 'n swaar en tog beweeglike pak voorstes gekies. Hier is etlike manne onder hulle wat reeds hulle kleur gewys het. Die „Drie van der Walt's in die voorry is om die eenheid te bewaar. Die twee flanke De Klerk en Duvenage is beslis van dis beste in die land en 'n agterlyn moet fyn loop vir hulle. De Klerk, (Malie) moet net harder speel en minder kritiseer.

Roesie en Spoelstra, maklik die twee swaarste slotte. Terwille van hul gewig, sê die voorsitter van die Keurders, het hulle plek gekry. Spies die agste man speel die hele veld vol. Hy kan egter meer druk in die skrum, dan sal hy sy keuse regverdig.

U sien dus geagte lesers dat dit die span is wat u verwag het. Ons wil dit ook baie graag op hulle harte druk om te onthou dat dit die eer en roem van Suid Afrika is wat hulle dra, en ons verwag baie van hulle.

OU KROK.

## KORRELS EN KAF.

**Helene**—Kort en dik en ongeskik.

**Cilna**—Lank en skraal soos die duiwel se opklimpaal.

**Heleen**—Liewer Bangjan as dooie Jan.

**Willem de Klerk**—Skaam Kosie van die Huisgenoot.

**Donkie**—Uit die chaos van die eeue.

**Kaspaas**—Die Bangbroek-vryer.

* * * *

'n Ford loop net so ver op 'n gelling petrol as Ryno Kriel op 'n punt bier.


**STUDENTE!**

Vanaf 1 April l.l. het

**DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK**

(Eienaars van: „Die Vaderland," „Die Brandwag," „Rooi Rose," „Kort en Goed," „Sondagnuus," ens. ens.) nie alleen in daad maar ook in naam in **Potchefstroom** verteenwoordig. Vanaf genoemde datum dryf ons handel onder die naam van

DIE AFRIKAANSE PERS BEPERK

**IN DIE OU "HERALD" GEBOUE**
**(Kerkstraat 110)**

wat tans herbou is in 'n pragtige MODERNE WINKEL vir

**BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN PRESENTE.**

Ondersteun u Afrikaanse besigheid!

Die Afrikaanse Pers Beperk

**Posbus 149. Potchefstroom. Foon 363**
(Voorheen DIRK PONS EN KIE.)
**Kerkstraat 110.**

**C. VAN DER MERWE**

**KERKSTRAAT 92,**
**POTCHEFSTROOM.**

* * * *

Fietse en Fietsonderdele

en Reparasies.

**POTCHEFSTSROOM**

**DRY CLEANING WORKS**

**FOON 789. POTGIETERSTRAAT 18.**

**PROBEER ONS**

VLEKLOSE DROOGSKOONMAAK EN SPOEDIGE AFLEWERINGS.

*Eienaar:*

**P. D. DE WET POTGIETER**

**POTGIETERSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

SELMA'S

TEE-KAMER

KING EDWARDSTRAAT 87.



Foon 933.

BESOEK SELMA'S TEEKAMER,

waar u in stilte en netheid

VERVERSINGS, ETES ens.

VAN BLOMMESTEIN'S

BOTTELSTOOR

NUWE GEBOUE
(Regoor Standard Bank)
King Edwardstraat,
POTCHEFSTROOM.
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."

Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

KOM SIEN ONS
vir u

Fotografiese- en Aptekersbenodighede.

GEEN EN VELLEMAN,

KING EDWARDSTRAAT,
POTCHEFSTROOM.

# ATOOMMOTORE IS AAN DIE KOM

**Almal van ons het al op een of ander tyd in ons jeug stories gelees van mense en dinge wat met vuurpylvliegtuie tussen die planete en sterre rondvlieg, en ons het al meermale gewonder of dit moontlik sal wees om soiets te doen. Daar is al in die koerante oor die onderwerp van reise an die maan en elders geskryf, en dit wil lyk asof dit nie vir altyd net drome van die mens se fantasie gaan bly nie.**

Volgens deskundiges op dié gebied wil dit blyk dat 'n voorwerp, om van die swaartekrag van die aarde te ontkom, 'n snelheid van omtrent sewe myl per sekonde moet behaal, dit wil sê omtrent 25,000 myl per uur. As 'n mens dink aan die 3,500 myl per uur van die V2 en ander projektiele wat na die tyd al vervaardig is, lyk dit asof dit iets is wat nooit reggekry sal word nie, maar moet nou nie moed opgee nie. Dit is wel gereken dat om met vuurpyl-motore by die maan te kom, 'n vliegtuig wat omtrent so groot as 'n trippens is, die volume van 'n V2 aan brandstof moet dra om die paal te kan haal. Dit is dus op sigself nie 'n sakie wat 'n mens se entoesiasme vir 'n reisie na die maan gaande sal maak nie.

**Gelukkig is daar mos 'n tyd gelede soiets soos 'n atoom uitgevind, en nou wil dit lyk asof 'n mens maar solank jou plek kan gaan bespreek op die eerste ruimteskip na die maan toe. Die rede vir die bewering dat interplanetêre reise nie so ver in die toekoms verwyder lê nie, is opgesluit in 'n sakie wat 'n atoommotor genoem word.**

In die Verenigde State is daar tans werk aan die gang aan die eerste atoommotor wat daar nog ooit gemaak is, behalwe in die verbeelding van kortverhaalskrywers. Dit sal heelwaarskynlik 'n groot, swaar affêre wees, want die radioaktiewe stowwe wat as brandstof gebruik word, maak dit gevaarlik vir mense om in die nabyheid van so 'n atoommasjien te kom. Daarom moet daar 'n beskermende „muur" wees tussen die persone wat met so ' atoommotor werk en die motor self. Lood of dik konkreetmure is gewoonlik die beste, omdat dit die radio-aktiewe deeltjies wat gevorm word tydens die werking van die motor, kan absorbeer, en dus is hulle nie meer vir mense gevaarlik nie.

Ons kan die saak van 'n atoommotor dus sien as 'n relatiewe klein kragbron, maar omdat dit so gevaarlik is weens die radio-aktiwiteit daarvan, moet dit 'n dik „dop" hê wat die mense in die omgewing daarvan kan beskerm. Omdat dit so groot is, word die eerste model van die atoommotor ook nie sommer in 'n vliegtuig ingebou nie, maar sal dit in 'n laboratorium ingebou word. Uit hierdie proefmodel sal dan gesien kan word watter veranderings daar aangebring moet word om die motor prakties te kan gebruik. Selfs dan sal dit heelwaarskynlik nognie eens in vliegtuie gebruik word nie, maar heelwaarskynlik in duikbote. Die probleem om 'n beskermende omhulsel te ontwerp wat lig genoeg is om in 'n vliegtuig gebruik te kan word, sal nog heelwat hoofbrekens aan die mense wat verantwoordelik is vir die saak, besorg, maar dit kan gereken word dat in die eerskomende paar jaar ons moontlik kan hoor dat daar 'n ding in die lug rondvlieg wat 'n mens laat hoendervleis kry as jy daaraan dink dat dit die broer van die atoombom is, om die saak so te stel. Daar word egter gereken dat so 'n masjien nie gevaarlik sal wees nie, behalwe uit die oogpunt van strale wat die werktuigkundiges kan affekteer.

**Die manier waarop 'n atoommotor sal werk, is nie vir die leek maklik te begryp nie, maar dit is genoeg om te sê dat daar as gevolg van die splitsing van atome 'n geweldige hoeveelheid energie vrygestel word, en hierdie**

(Vervolg op bladsy 9, kol. 1)

Pukke is altyd hartlik welkom by
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
ONS VOORSIEN REEDS DIE VOETBALTRUIE EN KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die KLEURBAADJIES.

UNIEWINKELS BPK

Johannesburg.
KERKSTRAAT 45. FOON 22-4746.

Skaars was ons herstel van die skok van wyle Jan Jordaan se dood of die dood van **Jerrie Combrink** het ons getref soos 'n hamerslag. Sy beeld is nog vars in ons geheue soos hy verlede jaar hier nie alleen tussen ons gewees het nie maar ook saam met ons geleef het. Ons innige simpatie namens al die studente van P.U.K. aan sy ouers en familielede. Mag u krag van die Here ontvang in hierdie ure van beproewing.

# VASVRA

Graag wil „Die Wapad" die P.U.K. se radio-vasvraspanne geluk wens met hulle vertoning. Die **Afrikaanse span** was ongelukkig om te verloor, maar hulle het beslis eervol uit die stryd getree.

**Die Engelse span** het 'n moeilike taak gehad. Hulle het beslis 'n prestasie behaal met hulle oorwinning oor U.K.O.V.S. Ons hoop dat u dit nog ver sal bring met die wedstryde wat voorlê! Sterkte!

(Vervolg van bladsy 8, kol. 3).

**energie kan in die vorm van hitte gebruik word,** sê byvoorbeeld om water warm te maak en 'n turbine te laat draai met die stoom wat deur die kokende water afgegee word. Die turbine kan op sy beurt gebruik word om 'n lugskroef te draai of om in die geval van 'n skip die skroewe te draai. Weens die geweldige hoeveelheid energie wat afgegee word deur die opsplitsing van atome, sal dit heelwaarskynlik ook nie nodig wees om 'n geweldige hoeveelheid radioaktiewe materiaal te gebruik as brandstof nie. Omdat sommige atome ook nie so haastig is om opgesplits te word as andere nie, word dit dan ook gereken dat dit nie so moeilik sal gaan om die motor onder beheer te hou nie, en die snelheid waarmee die voertuig met die motor beweeg wat dus ook gereguleer word soos 'n mns dit wil hê.

Hou u dus maar solank reg, een van die dae lees ons nog in Die Wapad **„solank ons op die Maan vakansie** hou!"

J. A. DE BRUYN.

The other day **Jan Beethoven, B.B.** was found standing on the boulevard with a knife in his one hand and a pistol in the other: He did not know whether to shoot across the street or to cut around the corner.

(Vervolg van bladsy 5, kol. 2).

debat. Watter student het nog lus om debat-toe te gaan as al die vergaderings so is? Daar kom dan ook elke slag minder mense. Alles was wanordelik en deurmekaar. Daar is grappe gemaak, gelag, rondgeloop en in die algemeen lawaai gemaak? In plaas dat die U.O.D.-studente, wat iets van dubbelmedium onderwys behoort te weet, gepraat het, het die sprekers bestaan uit B.A.- en B.D.-studente. Daar mag 'n goeie idee in wees, maar dis ongebalanseerd. Mens hou nie debat onder so 'n lawaai nie. Probeer tog 'n beter gees skep by die debat!

DEBATSLID.

(Vervolg van bladsy 1, kol. 3).

te stap waag. Die eerste produkte van ons binder en sy assistente is reeds in die biblioteek te sien.

En hoogswaarskynlik gaan die ramp nog 'n groot voordeel meebring: die vooruitsigte dat daar in die loop van volgende jaar met die oprigting van 'n doeltreffende biblioteekgebou vir 'n bedrag van ongeveer £40,000 begin sal word is besonder gunstig.

**Wie in die biblioteek werksaam is, kyk nie graag terug nie. Ons sien met lus die toekoms tegemoet: met die lewende belangstelling van die outoriteite, die geduld en hulp van die studente en dosente en met die toegewyde arbeid van die personeel gaan ons groot dinge verrig!**

H. C. VAN ROOY,
(Bibliotekaris).

'n Verstandige man bekommer hom nie oor wat hy nie kan kry nie.

**W. A. VENTER**
**HORLOSIE-MAKER en JUWELIER**
**Kerkstraat 130,**
**POTCHEFSTROOM.**

Ons is direkte invoerders van enige soort horlosie en klokke, sowel as hulle onderdele wat ons altyd in groot voorrade het.

**Ook WAX, ROAMER en ELECTION HORLOSIES hier verkrybaar.**

**GILFILLAN EN STROH**
**POTCHEFSTROOM.**
FIETSE EN FIETSREPARASIES

**DRIE BEROEMDE**
**1/6** GENEESMIDDELS:
**Alma Hartdruppels,**
**Metafos: die groot senuweeversterker,**
**Maxo Poeiers vir Hoofpyn, Rumatiek en Griep.**
**S. M. LEWIS, BPK**
**APTEKERS,**
**POTCHEFSTROOM.**

**W. J. GROBBELAAR**
DAMES EN HERE HAARKAPPER.
*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.
Tabak-handelaar en Fantasiegoedere.
**Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.**

# P. GROBBELAAR

FOON 331.
KING EDWARDSTRAAT 114,
POTCHEFSTROOM.

PRAKTIESE SNYER
EN KLEREMAKER.

★

Distribueerder van

Rex Trueform Klerasie.



# J.N.J. KRITZINGER

FOTOGRAAF

ROYAL HOTEL-GEBOU,

Kerkstraat 84, Telefoon 455,

POTCHEFSTROOM.

AS U 'N FOTO WIL SKENK,

Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).



Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van

Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens

BY

# LA VOGUE

(J. M. Taylor)

Posbus 221. Foon 440.



DIT IS TRADISIE DAT DIE
P.U.K.-STUDENT
van al sy benodighede deur
DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL
voorsien word.

Studieboeke, Vulpenne, Skryfbenodighede, Populêre Leesstof en Tikmasjiene word in voorraad gehou.

Ondersteun u eie Boekhandel

DIE
# TRANSVALER-BOEKHANDEL

Foon 497, Kerkstraat 90,
POTCHEFSTROOM.



# NOORDBRUG KLEREMAKER

(B. B. AUCAMP, Eienaar).

SPESIALITEIT IN MODERNE SNYKUNS.

*Snit gewaarborg sonder aanpas.*

PAKKE .... .... vanaf £15/15/-
KOSTUUMS .... vanaf £12/12/-

TOMSTRAAT 55a, POTCHEFSTROOM
(Langs Sonskyn).

(U vriendelike ondersteuning word verlang.—Red.)



Probeer ons eerste vir u

***WINTERBENODIGHEDE***

GROOT VOORRAAD OP HANDE EN PRYSE WAT ELKEEN KAN BEKOM.

——:o:——

# BOTHA GOOSEN

Foon 430 POTCHEFSTROOM Posbus 81


Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.